*“Daar is ’n spesifieke vorm van queerteorie wat gewortel lê in Suider-Afrikaanse bodem – ’n permutasie wat, as gevolg van sig spesifieke geo-affektiewe gesitueerdheid, soveel meer ingeleef, humanisties en medemenslik voorkom.”* (Strydom, 2018:01)

**Oproep om bydraes/voorleggings: *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* (TGW): tweeledige uitgawe oor ‘Queerteorie en Suider-Afrikaanse verhalende tekste’**

Die treffende aantal Suid-Afrikaanse queerbundels, -bloemlesings, -kuberplatforms en -aanlyngemeenskappe, tesame met die toenemende pop-kulturele kapitaal wat queerheid aanneem in Suid-Afrika laat mens dink dat daar inderdaad ’n gekontekstualiseerde manier is waarop die konsep “queer” aangepas kan word om voorsiening te maak vir die behoeftes en begeertes van ’n spesifieke plek op ’n spesifieke tydstip. Hierdie spesiale uitgawe beoog om nuwe moontlikhede te open deur vrae te stel wat ons verbeelde sosiale beperkings ondersoek, soos dit die grense struktureer waaruit en waarin ons die moontlikhede van syn, plek en fiktiewe begrippe van nasie(skap) teoretiseer.

Hierdie vrae dui op die manier waarop die konsep “queer” gekoppel word aan ’n spesifieke geografiese punt-in-tyd. Hoe skakel queerheid, na dekades van sosiale ongelykheid, met hedendaagse neigings in Suid-Afrika in terme van die ‘normale’, die eenvormige en die patriotiese? In die mate dat queerness gaan om afwykings van die norm, en nie beperk is tot seksualiteit nie, hoe word of hoe kan queerness (queerteorie) aangewend word om krities om te gaan met ras, klas, gender, nasie en meer? Vanuit ons beskouing behels dít ’n ontplooiing wat berus op ’n meer radikale politieke posisionering. Met ander woorde, ’n ondervraging en ontwrigting van sosiale norme wat verder gaan as die betekenis van queer as ’n sambreelterm vir die LGBT-gemeenskap. Queerheid, soos dit hier verstaan word destabiliseer die post-1994 nasionale projek en nooi ons uit om na te dink oor prosesse van sosiale samestelling. Kan queerheid nasiebou inlig aangesien die definisie en bestaan daarvan op sigself 'n uitdaging aan gevestigde kulturele norme stel? In dié opsig, stel ons belang in hoe queer Suid-Afrikaners oor hulself/onsself dink in die proses van nasie(skap), fiktief en verbeeld, soos dit in Suid-Afrika mag wees.

Watter dialoë is moontlik/nodig tussen queer en Suid-Afrikaanse feminismes, ook met betrekking tot transidentiteite? Hoe oorvleuel queerheid, swartheid, swartbewussyn en witheid (of, queerteorie en witheidstudies) met mekaar? Belangriker nog, moet ons streef na so ’n oorvleueling? Eweneens, hoe oorvleuel queerteorie en transgenderstudies? Wat is die stand van transgenderstudies in Suid-Afrika? In watter mate word die sentraliteit van genderbinariteit uitgedaag deur queerheid en transbelewing? Watter moontlikhede bied queerheid en transbelewing vir die dekonstruksie van witheid?

In soverre die literêre tradisie ’n nuttige en kragtige instrument is in die samestelling van nasie(skap) volgens Rogers Smith (2003), hoe manifesteer queerteorie, queerheid, transbelewing en transgender teorie op verskillende maniere in die verskillende Suid-Afrikaanse literêre kanons? Hoe verskil queer-, vloeibare en LGBT-skryfwerk in die Suid-Afrikaanse konteks? Wat is die stand van transgender letterkunde in Afrikaans? Wat is die maniere waarop die *gendered* aard van die Afrikaanse taal die uitdrukking en identiteitsvorming van Afrikaanse transgender mense beperk? Op watter wyses het Suid-Afrikaanse denkers voortgebou op die grondleggende werk van onder andere Judith Butler, Jack Halberstam, Susan Stryker, E. Patrick Johnson, C. Riley Snorton, Kadji Amin, Mel Y Chen, David L. Eng, Tim Dean, Juana María Rodríguez, Mark Rifkin, Martin F. Manalasan, Sara Ahmed, José Esteban Muñoz en ander?

Ons nooi belangstellendes om hierdie en ander vrae te ondersoek in ’n uitgawe van TGW en *Image & Text* oor **Queerteorie en Suid-Afrikaanse verhalende tekste**, ’n uitgawe wat poog om die impak van queerteorie – en queerheid in die algemeen – op die Suid-Afrikaanse letterkunde na te speur. Dit poog om hedendaagse neigings op te teken, en om te besin oor hoe ’n queer Suid-Afrikaanse literêre landskap mag lyk.

Ons wil voortbou op interdissiplinêre gesprekke en wag daarom voorstelle in vanuit ’n wye verskeidenheid van metodologiese raamwerke, argiewe, kontekste en benaderings. Alhoewel ons vertrekpunt queerheid in Afrikaanse verhalende (insluitend filmiese) tekste is, wil ons graag ook werk oor ander Suid-Afrikaanse literêre sisteme sowel as vergelykende werk insluit. Dus verwelkom ons ook voorstelle vir werk wat krities omgaan met en uitbrei op hoe queerheid intertekstueel funksioneer.

Open Rubric

Bydraes word ingewag wat aansluit by drie hoofafdelings:

- **Omvattende oorsigte**, met die formaat 'Queerteorie en X' (byvoorbeeld, Queerteorie en Afrikaanse literatuur; Queerteorie en die multikulturele literatuurklaskamer; Queerteorie en Suid-Afrikaanse sepies; Queer kwaito; Afrikaanse jeugliteratuur met 'n LGBTQIA-fokus; Queerheid in die uitgewersbedryf; Queerteorie en hip hop-aktivisme; Queerheid in Suid-Afrikaanse films van die 1990's; die queer [as werkwoord] van MIV-letterkunde)

- **Alternatiewe beskouings** van die literêre werk van prominente queer figure (Makhosazana Xaba; Edwin Cameron; Zackie Achmat; Pieter-Dirk Uys; Shaun de Waal), instellings (klyntji.com; GALA; *Turksvy* substack; Homeros; Gay@LitNet; Pennetrant-skryfskool, Mannetjiesvrou podcast, knaap.brief), afgeskeepte tekste en oeuvres (Dollar Vasani; Francois Loots; Mark Behr; Richard de Nooy; Michael Power/Laurence Eben; Johannes Meintjes; Lucas Malan; Theunis Engelbrecht) of oeuvres waarvan die queerheid daarvan nog nie voldoende akademiese aandag ontvang het nie (Bettina Wyngaard; Azille Coetzee; Richard Rive; Stephen Gray; Lauren Beukes; Jans Rautenbach; Stephan Bouwer; ID du Plessis)

- **Teoretiese besinnings** oor konsepte soos dekoloniale queerheid; queer verwantskappe en diasporas; die beperkings van queerteorie in die globale Suide; transgenderstudies in Suid Afrika; queer beliggaming (filmies, fiksioneel, performatief, affektief-histories); queer akademia in Suid-Afrika; queer Afrikaner akademia; die queer van literêre genres, "queer-of-colour" teorie en swartbewussyn; die verband tussen LGBTQI- bundels en queerheid; die produktiewe samesmelting van queerheid en queerteorie; queerheid en familieafskaffing; queerheid en die *Unheimliche;*

Oorspronklike navorsing van tussen 5,000 en 8,000 woorde, in Engels of Afrikaans, word ingewag sowel as korter beskouings (van tot 3,000 woorde) van outeurs, openbare figure, instellings en tekste.

Afrikaanse bydraes (in enige variant van Afrikaans) sal verskyn in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* en Engelse bydraes in *Image & Text.*

Bydraes tot 'n vierde afdeling, met digitale, visuele en kreatiewe werk wat aansluit by die bogenoemde temas word ook verwelkom, en só ook langer profiele oor outeurs en digters soos Bettina Wyngaard, Chase Rhys, Azille Coetzee, Pieter Odendaal, Mia Arderne, Loftus Marais, Francois Loots, Emma Huismans, Francois Bloemhof, Welma Odendaal, Eben Venter, Fourie Botha, en Marlize Hobbs, sowel as oor denker-outeurs/digters soos Marius Crous, Stephen Gray en Marthinus Beukes.

**Belangstelling kan aangedui word deur 'n opsomming van 300 woorde of minder teen einde Mei 2024 aan die gasredakteurs per e-pos te stuur:**

**Chan Croeser (hulle/hul, PhD) chantelle.croeser@gmail.com**
**Lindy-Lee Prince (hulle/hul, PhD) lprince@uwc.ac.za**
**Neil Cochrane (hy/hom) cochrn1@unisa.ac.za (vir Afrikaanse bydraes)**
**Siseko H Kumalo (hy/hom) skumalo@ufh.ac.za**

**Direkte navrae aan elk van die gasredakteurs kan geskied via e-pos.**

**Aangehaalde bron:**
Strydom, Wemar. 2018. Discursive cuts, receptive wounds: notes on the reception of *Inxeba/The Wound*. *Image & Text*, 32.